

Vroueblad

Sy wil ordentlik beroemd wees, sê beskeie Dalene

Die skrywer Dalene Matthee, wie se nuutste boek, Brug van die Esels, pas verskyn het.

DALENE MATTHEE het 'n nuwe koppie olie gekry om 'n nuwe lamp op te steek. En sy't ver gaan soek. Vier jaar lank. Na die waarheid en die brûe wat 'n mens daarvoor bou.

“Ek skryf uit my hart. Waaruit anders kan 'n mens skryf? Jy kan nie vir die leser lieg nie, jy kan hom nie met jou pen bluff nie. As jy nie oor jou eie waarheid skryf nie, moet jy stilbly,” gesels Dalene oor haar nuwe boek, Brug van die esels, wat aanstaande week in Kaapstad bekend gestel word.

Dié titel is eintlik 'n ou Latynse gesegde, pons asinorum, wat sê dat 'n mens 'n brug vir 'n esel moet bou om hom by die waarheid te kry. Dit is ook een van die sentrale temas in die boek wat die verhaal vertel van 'n jong eiendomsagent, Araminta Rossouw, wat met ongeslypte diamante begin smokkel sodat sy vinnig genoeg geld bymekaar kan maak om Suid-Afrika te verlaat. Maar die boek gaan oor veel meer as onwettige diamantsmokkelary, geldsug en korrupsie wat soos 'n bars deur die geskiedenis loop. Dit gaan ook oor 'n jong vrou se soeke na kulturele identiteit en die vrese van mense wat voel dat Afrika sy wit kinders nie meer wil hê nie. Tog is dit nie 'n politieke boek nie, sê Dalene.

“My enigste vrees is dat mense politiek daarvan gaan maak. Die politiek is net 'n belangrike terloopsheid. Omdat ek histories gewerk het, kon ek dit nie vergeet nie.”

Soos met haar vorige boeke het sy eers diep en deeglik in die geskiedenis gaan delf. Sy het teruggegaan tot lank voor Jan van Riebeeck, tot waar Ooste en Weste met mekaar in aanraking gekom het. Daarna het onderhoude met politici, speurders en navorsing in Kimberley en Londen gevolg.

“Ek moes 'n kwaai agtergrondstudie doen om patrone te kry en so na as moontlik aan die waarheid te kom. Ek kon omtrent twee tesisse skryf!”

Hoewel Dalene ook “harde geld” betaal het vir inligting van 'n vrou wat weens diamantsmokkelary tronk toe is, is Araminta net 'n karakter wat sy binne 'n sekere historiese en politieke milieu geplaas het. “Araminta weerspieël in groot mate die vrese van vroue in Suid-Afrika. Dit lyk of mans nie werklik besef dat vroue op 'n ander manier bang is nie. As deel van my navorsing het ek met baie politici gepraat, ook verregses en -linkses, en baie toesprake gelees. Ek wou weet hoe mans voel. Ek het agtergekom mans se vrees het meer te doen met 'n magspel. Vroue is dieper bang, in hul siel bang, vir hulself en hul kinders.”

En dit is juis een van die redes waarom sy haar hand aan so 'n “aanvegbare” boek gewaag het.

“Ek het drie dogters, ek verstaan die bangheid. Een van hulle wil die land verlaat. Ek wil hê sy moet bly, maar dis haar keuse. Sy is 'n kind van vrede, 'n kind van die veld wat sewe jaar lank saam met my in die Bos geloop het. Daar is baie van Araminta in dié kind van my.”

Die boek vertel ook baie van Dalene self van haar bygelowigheid en strewe na ewewigtigheid in 'n wêreld waar “dinge van balans” geraak het. Balans is vir haar baie belangrik, want sy is “'n Oktobermens” wat onder die sterreteken Weegskaal gebore is. En natuurlik vertel dit ook van haar eie soeke na die waarheid.

“Daar is so baie dinge wat 'n mens glo, maar nie weet of dit die waarheid is nie. Al leer ek net een waarheid terwyl ek leef ...

“Dit was 'n baie moeilike boek om te skryf,” erken Dalene. “Dit was die enigste boek waarmee ek op 'n dag moed opgegee en gesê het ek het nie die verstand en moed om voort te gaan nie. Maar ek het eendag 'n boek van Jaap Steyn opgetel, begin lees en besef ek móét voortgaan.”

Haar vorige drie boeke, *Kringe in 'n bos* (1984), *Fiela se kind* (1985), en *Moerbeibos* (1987), het haar as een van die gewildste romanskrywers in Suid-Afrika gevestig. Selfs bekendes soos min. Louis Pienaar, appèlregter Leo van den Heever en die ANC-leier, mnr. Nelson Mandela, het al gesê hulle ontspan graag met 'n Matthee-roman. Sy is ook al dikwels vereer – drie maal met die ATKV-prys vir gewilde prosa, met die Suider-Afrikaanse Instituut vir Boswese se Bosbouprijs vir 1986 en sy's pas weer aangewys as mede-wenner van die Stab-prys vir 1993 (Stab is 'n Switserse prys vir mense wat 'n bydrae gelewer het tot die uitbouing van die Westerse kultuur). Maar sy is die heel trotsste op die ereburgerskap wat Riversdal, haar geboortedorp, in 1988 aan haar toegeken het.

“Dit lê my baie na aan die hart. Ek was dan die dorp se stoutste kind!” Sy waardeer al die eerbewyse en toekennings, maar roem en die kollig is vir haar “'n swaar saak”.

“Dit alles sê vir my iets, maar 'n mens wonder in jou hart of jy dit werklik verdien het. Dit maak my ook bang, want ek wou nie beroemd wees nie. Ek probeer nou maar net om ordentlik beroemd te wees.” Sy's 'n private mens, 'n natuurmens wat ure lank in die veld kan stap. “Ek wil nog baie baklei vir die omgewing. Al red ek net een stroompie water.” Maar sy wil ook nog skryf en het klaar weer 'n nuwe koppie olie gekry om 'n nuwe lamp mee op te steek. Maar dié keer gaan dit nie weer vier jaar duur nie, belowe Dalene. “My gesin dreig dat hulle dan almal gaan wegloop! Ek gaan 'n slag 'n goedkoop boek skryf.”

skrywers boeke loopbane

Karin de Beer

BRON: Die Burger, 22 Oktober 1992